

Sing vooraf staande: Psalm 103:7 (p. 505)

7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 73:11 (p. 369)

11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aardeⁱⁿ kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewge goed.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

Psalm 138:4 (p. 671)

4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Gebed

Psalm 40:6 (p. 206)

6 Ek pleit, o HEER, op u barmhartigheid. / Bly met u liefde^{en} trou om my,
want ramp en onheil is naby / en om my heen. En in my hart is stryd.
Die sonde^{uit} ver verlede / oorval my matte skrede; / my oog het glans nóg gloed.
Hoe groot 's my sondes al! / hoe eind'loos in getal! / In my 's geen krag, geen moed.

Skriflesing: Josua 1

Teks: Josua 1:9

**Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie, want die
Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan. (Josua 1:9 AFR53)**

Hoe dikwels gebeur dit nie dat ons terugdeins vir wat ons moet doen nie.

- Dan is ons onwillig om 'n bepaalde taak aan te pak omdat ons voel dat ons eie kragte te min is en dat ons nie daartoe in staat is nie.
- Of ons pak 'n saak aan met soveel vertwyfeling dat dit wat ons dalk nog kon doen, ook lamgelê word.

In die gedeelte wat ons gelees het, staan daar 'n ou man voor ons. Josua. Hy is nie meer jonk nie.

- Veertig jaar tevore was hy een van die manne wat Kanaän moes gaan verken om verslag te doen of die land binnegeval kon word.
- Ons onthou nog dat hierdie selfde Josua toe saam met Kaleb 'n minderheidsverslag ingedien het, dat hulle twee gedink het dat die land wel ingeval kon word.

Josua is egter nou al geestelik heelwat sterker as daardie dag. Intussen is hy al hard gebrei deur die lewe – voorberei vir sy roeping.

- In die tyd tussen sy verspiederstog en sy opvolging van Moses as die leier van Israel, was daar sy veldslag teen die Amalekiete.
- Verder was Josua altyd by Moses – hy was Moses se regterhand.
 - Hy het onderrig en die voorbeeld van Moses gekry hoe om die volk te lei.
 - Ons kan sê dat hy in 'n sekere sin opgelei is met praktiese onderrig om eendag die leiding van die volk oor te neem.

By die Israeliete was daar dus geen twyfel hoegenaamd oor wie die man sou wees wat eendag by Moses sou oorneem nie.

- Daar was net een moontlike keuse – Josua.
- Tog begeef sy moed hom die dag toe hy Moses moes opvolg.

Die opvolging het Josua ook nie onkant gevang nie.

- Hy was lankal daarop voorbereid dat hy Moses sou opvolg.
- Ons lees in Deuteronomium 31:7 dat Moses hom roep en voor die hele Israel vir hom sê:

Wees sterk en vol moed, want jy sal met hierdie volk die land wat die Here aan hulle vaders met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee. (AFR53)

Moses het hom ook versterk by hierdie geleentheid:

**En dit is die Here wat voor jou uittrek;
Hy sal met jou wees;
Hy sal jou nie begewe of verlaat nie;
Jy mag nie bevrees of verskrik wees nie. (Deuteronomium 31:8 AFR53)**

En tog, toe die dag aanbreek, huiwer Josua. Ons hoor die Here met hom praat. Drie maal moet die Here hom verseker:

Wees sterk! (Josua 1:6 AFR53)

En in vers 9:

Wees net baie sterk en vol moed! (Josua 1:9 AFR53)

Die hele laer het Josua geken. Hy was nie 'n man wat net gepraat het nie.

- Hy was 'n man van daad – dit het hulle sy hele lewe deur gesien.
- Hulle het gedink dat hy werklik sterk was.

Maar God sien binne-in die mens in. Hy het Josua in sy swakheid geken. Daarom sê Hy vir Josua:

Wees sterk! (Josua 1:6 AFR53)

Aan die einde laat die Here die hele volk hom ook bemoedig.

- Hulle sê dat hulle na Josua sal luister soos wat hulle na Moses geluister het.
- Hulle verseker hom dat hulle weet dat God met hom sal wees soos wat Hy met Moses gewees het.
- En dan weer die refrein:

Wees net sterk en vol moed! (Josua 1:18b AFR53)

Eers toe Josua hierdie woorde hoor, tree hy op. Hy het eers in daardie stadium moed gevat. Dan is hy versterk. Dan gaan hy Kanaän beset.

Ons lees dan verder van sy krag in die Here. In sy hele lewe verder sien ons die sterkte van die Here wat aan hom belowe is.

- Hy storm nie sommer die land Kanaän binne en gaan veg met al wat voorkom nie.
- Nee, want geloofsvertroue en sterkte en moed in God is nie geloofsfanatisme nie.
 - Dit verwag dat jy die verstand sal gebruik wat die Vader aan jou gegee het.
 - Dit verwag ook dat jy jou verantwoordelikheid tot die maksimum toe sal ontwikkel.

Sterkte in die Here is juis 'n kalmte waarin jy weet dat die Here jou deur alles sal lei, solank as wat jy jou verantwoordelikheid en verstand in elke opsig tot die maksimum toe ontwikkel en gebruik in elke saak.

Kyk in hierdie opsig na die voorbeeld wat die Bybel ons gee in Josua.

- Josua was 'n strateeg by uitnemendheid. Geskiedenisnavorsers beskou hom as die grootste militaris wat die wêreld tot op sy tyd opgelewer het.
- Ons het die Amarnabriewe opgegrawe waarin hierdie geskiedenis ook opgeskrywe is.
- Die wêreldgeskiedenisbeskrywings van hierdie geskifte bevestig alles wat in die Bybel staan van die geskiedenis van Josua.

Ons lees in hierdie geskifte dat Palestina in hierdie tyd verdeel was in baie klein koninkrykies.

- Maar hierdie koninkrykies het goeie verdedigingsooreenkomste met mekaar gehad.
- Dit was dus nie maklik om hulle aan te val of in te val nie.
- Hulle het in hulle leërs strydwaens in gebruik gehad wat baie vinnig kon beweeg, terwyl dit geweldige messe aan die wiele gehad het wat die voetsoldate van die vyand aan repe gesny het.
- Verder was dit so dat hierdie koninkrykies altyd uit die suide deur Egipte aangeval is, of anders van die noordekant af, van die Libanonberge se rigting af. Op aanvalle uit hierdie twee rigtings was hulle goed voorberei.

Maar Josua verras hulle heeltemal. Hy trek deur die woestyn, en val hulle van die oostekant af aan.

- Dit is die eerste keer in hulle geskiedenis dat dit gebeur – die mense van Palestina het nog altyd geglo dat dit onmoontlik was dat hulle uit die woestyn se rigting aangeval kon word.
- Josua vang hulle heeltemal onkant.
- Verder verras hy hulle deurdat hy Palestina reg in die middel inval.
 - Daarmee verdeel hy die land in twee en breek die leërs se mag totaal.
 - Nou kon hulle nie bymekaarkom om 'n behoorlike gevegsfront te vorm nie.

Die Heilige Gees lei Josua tot nog groter insig en hoogtes.

- Hy kies die gebied waar hulle veg.
- Hy forseer die Kanaäniete om in die klipperige veld en in die koppies te veg waar hulle nie hulle strydwaens kan gebruik nie.
- Hy ontwrig hulle gevegspatroon heeltemal. So beset hy Kanaän.

U leer dan hieruit, geliefdes, dat sterkte in die Here nie beteken dat teëstand sal uitbly nie.

- Die Here sê sy sterkte aan ons toe en daarom gebied Hy ons om met lewensmoed die stryd in hierdie wêreld voort te sit.
- En dit, sodat die eer vir die oorwinning aan Hom kan gaan.

Dit is ook nie sonder meer dat die Here ons aansê om moedig en sterk te wees nie, want ons kan reken op sy bystand.

- God die Vader laat ons nooit aan ons eie lot oor nie.
- Hy onthou ons ook nooit die nodige hulp nie.

Die bevestiging van hierdie beloftes van die Here word saamgevat in die Persoon en werk van die Here Jesus Christus.

- Aan die kruis het Hy die toorn van die Vader op Hom gelaai om ons en ons sondes met die Vader te versoen.
- Deur hierdie daad het Hy ons verseker dat ons voortaan in die sterkte en moed van God sal lewe.

Dit gee die nodige lewensmoed aan ons, want God laat nooit die werk van sy hande vaar nie.

- Daarom sou Hy ook nie sy Seun Jesus aan die kruis bring en die liefde en bystand wat Hy daar verwerf het, van ons terughou nie.
- Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees nie, ook nie verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan.

Dit is in ons tyd nog soveel meer waar as in die tyd van Josua.

- Die Here Jesus Christus se verdienste oor ons het nie sy totale vervulling aan die kruis bereik nie.
- Dit word ook nou nog steeds daarin vervul dat hy voortdurend vir ons in voorbidding is by die Vader.
- Hy is nog aanhoudend voor die Vader in gebed en smeking om sy sterkte om ons te vou sodat ons nie bevrees of verskrik hoef te wees nie.

Vir Josua is gesê dat die Here met hom is oral waar hy gaan.

- Ons het 'n ryker belofte. Nee, meer as 'n belofte, want ons ondervind die teenwoordigheid van God soveel sterker.
- Deur die kruis het God self in ons kom woon. Hy is nou nie meer net met ons nie; Hy is met en in ons.
- Die Here Jesus het God die Heilige Gees teruggestuur om ons Leidsman te wees sodat ons met sterkte en moed kan voortlewe.
 - Sterkte, omdat God se wysheid ons voorsê.
 - Moed, omdat Hy die Beplanner is. Al is die beproewing hoe groot, selfs dit is so deur Hom beplan dat ons veilig en ten goede daar gevoer word.

Maar ons het nog meer. God die Vader verseker ons van hierdie dinge deur die prediking.

- Met elke preek kom God die Heilige Gees en Hy voltooi die kruisverdiensde in dié sin dat hy ons van die waarheid daarvan kom verseker.
- Hy bly dit onophoudelik in ons harte bevestig, tot versterking van ons geloof, en tot ons bemoediging in die stryd.

Die stryd was straf vir die mense in die Here Jesus se tyd, maar ons kan verwag dat dit in ons tyd erger sal word.

- Daarom moet ons, hoe nader ons aan die einde kom, soveel meer die woorde van die Here in ons ore hoor:

Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie, want die Here is met jou, oral waar jy gaan. (Josua 1:9 AFR53)

Al is daar hoeveel spanning wat deur ons tyd gebring word, glo net.

- Maar moenie in geloofsfanatisme verval nie.
- Soek verantwoordelikheid by u geloof.
- Voeg die daad by die woord. Waarom sal u dan huiwer? Want die Here is met u, oral waar u ook al mag gaan en Hy verseker u ook weer daarvan deur die openbaring in sy Heilige Woord.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 18:17 (p. 77)

17 Ek het hul gans en al verslaan, / van hul 't geeneen weer opgestaan.
U het my aangegord met moed, / gestruikel het hul voor my voet.
My teëstanders het geval, / U het my vyand weg laat vlug;
vir haters was ek so gedug / dat hul verslaan is, gans en al.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 9 Maart 2014